
GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

AUDITOR-GENERAL OF SOUTH AFRICA**NO. 525****01 APRIL 2019****Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004):
Investigations and Special Audits Regulations**

I, Thembekile Makwetu, Auditor-General of South Africa, in terms of section 52(1) of the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004), read together with sections 4, 5, 29 and 52 of the Act, do hereby make the regulations set out in the schedule hereto.

SCHEDULE**Table of contents****Regulations**

1. Short title
2. Definitions and application
3. Nature and category of information to be investigated
4. Nature and category of matters for special audit
5. Acceptance or declination of request for an investigation or a special audit

Short title

1. These regulations are the Investigations and Special Audits Regulations.

Definitions and application

2.(1) In these regulations, unless the context indicates otherwise, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004) has the same meaning, and –

"**Act**" means the Public Audit Act, 2004;

"**document**" includes any recorded information, regardless of the form or medium thereof;

"**in writing**" includes any electronic means recognised by the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act No. 25 of 2002);

"**investigation**" means a formal, independent and objective process or procedure which entails the examination, assessment, inquiry, analysis and evaluation of facts and circumstances conducted by the Auditor-General for purposes of determining, confirming or refuting the existence of an irregularity;

"**person**" means a person as defined in section 2 of the Interpretation Act, 1957 (Act No. 33 of 1957);

"**political office bearer**" means an office bearer as defined by section 1 of the Remuneration of Office Bearers Act, 1998 (Act No. 20 of 1998);

"**non-financial irregularity**" means an irregularity which does not have a direct financial impact;

and

"**special audit**" means an audit of any aspect of the performance, financial management or compliance with legislation by an auditee or a group of auditees other than an annual audit performed for the purpose of reporting in terms of sections 20 or 28(1) of the Act or an audit of procurement and the utilisation of resources in terms of section 5(1)(aA) of the Act.

(2) These regulations must be read together with sections 4(1), 4(3) and 5(1)(d), 52(1) and 52(1A)(b) of the Act.

Nature and category of information to be investigated

3.(1) For the purposes of section 5(1)(d) of the Act, in determining the nature or category of matters to be investigated, the Auditor-General must in exercising his or her discretion to carry out an appropriate investigation at any institution referred to in sections 4(1) and 4(3) of the Act take into account all relevant information and circumstances relating to that information, which may include a determination of whether the information -

- (a) is indicative of a possible financial loss or negative impact on the institution;

- (b) is indicative of the possible involvement of the institution's management, accounting officer, accounting authority or political office bearers in any activities or decisions constituting non-compliance or contravention of applicable law, codes of conduct or principles of good governance;
- (c) is indicative of a possible misappropriation of assets;
- (d) is indicative of a possible non-financial irregularity;
- (e) relates to the institution's role, nature, size and mandate or the industry in which the institution operates;
- (f) relates to the impact on the institution or the economy at large;
- (g) relates to strategic assets held by the entity or key projects the institution is undertaking or planning to undertake;
- (h) relates to functions in respect of which an organ of state other than the Auditor-General is better positioned to perform an investigation or assessment;
- (i) has been or is being assessed or investigated by another organ of state;
- (j) requires the exercise of powers or performance of activities which extend beyond the scope of an audit or the mandate of the Auditor-General, and another organ of state is in a better position to perform the investigation;
- (k) is in the public interest and necessitates further investigation;
- (l) relates the institution's previous audit outcomes;
- (m) relates to a matter which can be adequately addressed as part of an annual audit of the institution;
- (n) relates to a period which cannot be covered during a current audit;
- (o) is substantiated by records and information constituting proof of the veracity of the information;
- (p) was provided by a person whose identity can be sufficiently authenticated or in respect of whom sufficient contact details were provided;
- (q) is of a vexatious or frivolous nature;
- (r) would require an investigation or assessment which is likely to unduly constrain the Auditor-General in carrying out its functions contemplated in the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.

(2) This regulation must not be interpreted so as to prevent the referral of any information to another organ of state or other relevant body for investigation or assessment.

Nature and category of matters for special audit

4.(1) For the purposes of section 5(1)(d) of the Act, the Auditor-General must in exercising his or her discretion to carry out a special audit at any institution referred to in sections 4(1) and 4(3) of the Act take into account whether –

- (a) the audit relates to the delivery or financial management of a significant government programme, compliance with legislation or government policies to enhance transparency, accountability and good governance, the financial management of an auditee or group of auditees or any matter considered by the Auditor-General to be in the public interest;
- (b) the audit relates to a matter which cannot be adequately addressed through an annual audit performed for the purpose of reporting in terms of section 20 of the Act or an audit of the procurement and utilisation of resources in terms of section 5(1)(aA) of the Act;
- (c) any organ of state other than the Auditor-General is better positioned to deal with the matter; or
- (d) the audit is likely to unduly constrain the Auditor-General in carrying out its functions contemplated in the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, or to impair the independence of the Auditor-General.

Acceptance or declination of request for an investigation or special audit

5.(1) The Auditor-General must forthwith after receiving information which may be relevant to an investigation or special audit –

- (a) in writing acknowledge receipt thereof;
 - (b) if a person informs the Auditor-General of his or her intention to provide information, render such reasonable assistance as may be required, free of charge, to enable that person to provide the Auditor-General with reliable information;
 - (c) record details of the information received in a register established and maintained for the purposes of investigations or special audit under section 5(1)(d) of the Act.
- (2) The Auditor-General may require the person providing the information to provide -
- (a) such information in writing;
 - (b) details of the person providing such information;
 - (c) authentication of his, her or its identity;

- (d) documents or other proof substantiating the information provided;
 - (e) details of the circumstances in respect of which the information is provided;
 - (f) if the person providing the information requests that the information must be treated confidentially, reasons for that request.
- (3) If a decision is made to engage in an investigation or special audit, the complainant or requester must be notified in writing of the decision.
- (4) In the event that the Auditor-General declines to conduct an investigation or special audit, the Auditor-General –
- (a) may refer the information to another organ of state or other body which is better positioned to conduct an investigation or special audit in respect thereof;
 - (b) must in writing inform the complainant or person making the request of that decision, together with –
 - (i) reasons for the decision;
 - (ii) information on other available options in respect of making a complaint or request;
 - (iii) if the complaint or request has been referred to another organ of state or other body in accordance with paragraph (a), the details of that organ of state or other body; and
 - (iv) any other information the Auditor-General deems necessary.
- (5) In the event that information was provided by a person on a confidential basis, the Auditor-General must protect the identity of the person or that information, or relevant parts of it, if –
- (a) required by law;
 - (b) it is in the Auditor-General's opinion in the public interest or in the interests of the investigation or special audit to do so.
- (6) The Auditor-General must report the outcomes of investigations or special audit as provided for in the Act.

OUDITEUR-GENERAAL VAN SUID-AFRIKA

NO. 525

01 APRIL 2019

**Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004):
Regulasies oor Ondersoeke en Spesiale Oudits**

Ek, Thembekile Makwetu, Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, het ingevolge artikel 52(1) van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004), saamgelees met artikels 4, 5, 29 en 52 van die Wet, die regulasies uitgevaardig wat in die bylae uiteengesit is.

BYLAE**Inhoudsopgawe****Regulasies**

1. Kort titel
2. Woordomsrywings en toepassing
3. Aard en kategorie van inligting wat ondersoek moet word
4. Aard en kategorie van aangeleenthede vir spesiale audit
5. Aanvaarding of afwysing van versoek vir ondersoek of spesiale audit

Kort titel

1. Hierdie regulasies is die Regulasies oor Ondersoeke en Spesiale Oudits.

Woordomsrywings en toepassing

2.(1) In hierdie regulasies het 'n woord waaraan 'n betekenis in die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004) geheg word, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

“**dokument**” enige opgetekende inligting, ongeag van die vorm of medium daarvan;

“**nie-finansiële onreëlmatigheid**” 'n onreëlmatigheid wat nie 'n direkte finansiële inslag het nie;

“**ondersoek**” 'n formele, onafhanklike en objektiewe proses of prosedure wat die ondersoek, waardebepaling, navraag, analise en evaluasie van feite en omstandighede tot inhoud het en wat deur die Ouditeur-Generaal vir doeleindes van die vasstelling, bevestiging, of weerlegging van die bestaan van 'n onreëlmatigheid onderneem word;

“**persoon**” 'n persoon soos omskryf in artikel 2 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957);

“**openbare ampsbekleër**” 'n ampsbekleër soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs, 1998 (Wet No. 20 van 1998);

“**spesiale audit**” 'n audit van enige aspek van die werksverrigting, finansiële bestuur of voldoening aan wetgewing deur 'n geouditeerde of 'n groep geouditeerdes, anders as 'n jaarlikse audit gedoen vir die doeleindes van verslagdoening ingevolge artikels 20 of 28(1) van die Wet of 'n audit met betrekking tot verkryging en die gebruik van hulpbronne ingevolge artikel 5(1)(aA) van die Wet.

“**skriftelik**” sluit enige elektroniese middele in wat deur die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002) gemagtig word, en “**geskrewe**” het 'n soortgelyk betekenis; en

“**Wet**” die Wet op Openbare Oudit, 2004.

(2) Hierdie regulasies moet met artikels 4(1), 4(3) en 5(1)(d), 52(1) en 52(1A)(b) van die Wet saamgelees word.

Aard en kategorie van inligting wat ondersoek moet word

3.(1) Vir doeleindes van artikel 5(1)(d) van die Wet, in die bepaling van die aard of kategorie van aangeleenthede wat ondersoek moet word, moet die Ouditeur-Generaal in die uitoefening van sy of haar diskresie om 'n tersaaklike ondersoek te doen by enige instelling waarna in artikels 4(1) en 4(3) van die Wet verwys word, alle tersaaklike inligting en omstandighede wat met daardie inligting verband hou, in ag neem, wat 'n vasstelling kan insluit of die inligting -

- (a) aanduidend van 'n moontlike finansiële verlies of negatiewe inslag op die instelling is;

- (b) aanduidend van die moontlike betrokkenheid van die instelling se bestuur, rekenpligtige beampte, rekenpligtige gesag of politieke ampsbekleërs in enige bedrywighede of besluite is wat op die nie-nakoming of oortreding van toepaslike reg, gedragskodes of beginsels van goeie bestuur neerkom;
- (c) aanduidend van 'n moontlike verduistering van bates is;
- (d) aanduidend van 'n moontlike nie-finansiële onreëlmatigheid is;
- (e) verband hou met die instelling se rol, aard, grootte en mandaat van die nywerheid waarin die instelling bedrywig is;
- (f) verband hou met die inslag van die instelling of die ekonomie in sy geheel;
- (g) verband hou met strategiese bates wat deur die entiteit in sleutelprojekte wat die instelling onderneem of beplan om te onderneem, gehou word;
- (h) verband hou met funksies ten opsigte waarvan 'n staatsorgaan anders as die Ouditeur-Generaal beter geplaas is om 'n ondersoek of waardebepligting te hou of te doen;
- (i) deur 'n ander staatsorgaan getakseer of ondersoek is of gaan word;
- (j) die uitoefening van magte of neem van stappe vereis wat die omvang van 'n oudit of die mandaat van die Ouditeur-Generaal oorskry, en 'n ander staatsorgaan in 'n beter posisie is om die ondersoek te onderneem;
- (k) in openbare belang is en verdere ondersoek noodsaak;
- (l) met die instelling se vorige ouditresultate verband hou;
- (m) verband hou met 'n aangeleentheid wat genoegsaam aangespreek kan word as deel van 'n jaarlikse oudit van die instelling;
- (n) verband hou met 'n tydperk wat nie tydens 'n teenswoordige oudit beoordeel kan word nie;
- (o) deur rekords en inligting bevestig word wat bewys van die korrektheid van die inligting daarstel;
- (p) deur 'n persoon voorsien is wie se identiteit genoegsaam gestaaf kan word of ten opsigte van wie genoegsame kontakbesonderhede voorsien is;
- (q) van 'n kwelsugtige of beuselagtige aard is;
- (r) 'n ondersoek of waardebepligting sou vereis wat waarskynlik die Ouditeur-Generaal in die uitoefening van sy funksies soos beoog in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, onnodig sou begrens.

(2) Hierdie regulasie moet nie uitgelê word as sou dit die verwysing van enige inligting na 'n ander staatsorgaan of ander tersaaklike liggaam vir ondersoek of waardebepligting verhoed nie.

Aard en kategorie van aangeleenthede vir spesiale oudit

4.(1) Vir die doeleindes van artikel 5(1)(d) van die Wet, moet die Ouditeur-Generaal in die uitoefening van sy of haar diskresie om 'n spesiale oudit uit te voer by enige instelling waarna in artikels 4(1) en 4(3) van die Wet verwys word, in ag neem of –

- (a) die oudit verband hou met die uitvoering of finansiële bestuur van 'n betekenisvolle regeringsprogram, die voldoening aan wetgewing of regeringsbeleid om deursigtigheid, aanspreeklikheid en goeie bestuur te versterk, die finansiële bestuur van 'n geouditeerde of groep geouditeerdes of enige aangeleentheid wat deur die Ouditeur-Generaal in openbare belang beskou word;
- (b) die oudit verband hou met 'n aangeleentheid wat nie toereikend deur 'n jaarlikse oudit wat vir doeleindes van verslaggewing ingevolge artikel 20 van die Wet of 'n oudit ten opsigte van verkryging en die aanwending van hulpbronne ingevolge artikel 5(1)(aA) van die Wet aangespreek kan word nie;
- (c) enige staatsorgaan anders as die Ouditeur-Generaal beter geplaas is om die aangeleentheid te behartig; of
- (d) die oudit waarskynlik die Ouditeur-Generaal in die uitoefening van sy funksies soos beoog in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, onnodig sou beoog, of onafhanklikheid van die Ouditeur-Generaal sou aantas.

Aanvaarding of afwysing van versoek vir ondersoek of spesiale oudit

5.(1) Die Ouditeur-Generaal moet onverwyld na ontvangs van inligting wat verbandhoudend met 'n ondersoek of spesiale oudit kan wees –

- (a) skriftelik ontvangs daarvan erken;
- (b) indien 'n persoon die Ouditeur-Generaal van sy of haar voorneme inlig om inligting te verskaf, sodanige redelike hulp as wat nodig mag wees, gratis verleen, ten einde daardie persoon in staat te stel om die Ouditeur-Generaal van betroubare inligting te voorsien;
- (c) besonderhede van die inligting wat ontvang is, in 'n register vaslê wat geskep is en onderhou word vir die doeleindes van ondersoeke of spesiale oudits kragtens artikel 5(1)(d) van die Wet.

(2) Die Ouditeur-Generaal kan vereis dat die persoon wat die inligting verskaf, die volgende moet verskaf:

- (a) sodanige inligting in geskrewe vorm;
- (b) besonderhede van die persoon wat sodanige inligting verskaf;
- (c) staving van sy of haar of identiteit;
- (d) dokumente of ander bewys wat die inligting wat verskaf is, kan staaf;
- (e) besonderhede van die omstandighede ten opsigte waarvan die inligting verskaf is;
- (f) indien die persoon wat die inligting verskaf, versoek dat die inligting vertroulik hanteer moet word, die redes vir daardie versoek.

(3) Indien 'n besluit is geneem is om 'n ondersoek of spesiale oudit te hou of te onderneem, moet die klaer of aansoeker skriftelik van die besluit in kennis gestel word.

(4) Indien die Ouditeur-Generaal 'n ondersoek of spesiale oudit van die hand wys –

- (a) kan die Ouditeur-Generaal die inligting verwys na 'n ander staatsorgaan of na 'n ander liggaam wat beter geplaas is om 'n ondersoek of spesiale oudit ten opsigte daarvan te doen of te onderneem;
- (b) moet die Ouditeur-Generaal die klaer of die persoon wat die versoek gemaak het, van daardie besluit skriftelik in kennis stel, tesame met –
 - (i) die redes vir die besluit;
 - (ii) inligting ten opsigte van ander beskikbare opsies om 'n klagte te lê of om 'n versoek te rig;
 - (iii) indien die klaer of aansoeker na 'n ander staatsorgaan of ander liggaam verwys is ooreenkomstig paragraaf (a), die besonderhede van daardie staatsorgaan of ander liggaam; en
 - (iv) enige ander inligting wat die Ouditeur-Generaal nodig mag ag.

(5) Indien die inligting deur 'n persoon op 'n vertroulike basis verskaf is, moet die Ouditeur-Generaal die identiteit van die persoon of daardie inligting, of tersaaklike gedeeltes daarvan, beskerm, indien –

- (a) deur die reg vereis;
- (b) die Ouditeur-Generaal van mening is dat dit in openbare belang of in belang van die ondersoek of spesiale oudit is om dit te doen.

(6) Die Ouditeur-Generaal moet verslag doen oor die resultate van ondersoeke of spesiale oudits soos in die Wet voorgeskryf.